
GELOOF In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon…" Joh. 1:1 & 14



FAITH In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt among us…" John 1: 1 & 14

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

Die vleeswording van die *Woord van God*

In hierdie tyd waarin ons lewe is daar weer `n oplewing in belangstelling in profesieë en verklarings oor die toekoms wat geleerdes gelewer het, tot sover terug as die Donker Middeleeue. Ons glo die rede hiervoor is dat selfs die ongeredde mense van die wêreld besef dat hierdie ou aarde en al sy bedrywe vinniger en vinniger voort wentel op `n baan van katastrofe, wat binnekort gaan plaasvind. Nou "gryp" hulle weer na iets (al is dit ook okkulties!) om lig of rigting te kry vir die toekoms. Die Kind van die Here WEET egter dat die katastrofe wel kom vir die goddelose wêreld, maar dat hy, as `n gelowige Christen, sy oë met moedigheid op die wolke kan hou, want die tyd is BAIE NABY dat die Seun van God, Jesus Christus, Sy Bruid kom haal – dit was geprofeteer in die Bybel! En omdat so baie van die ander dinge wat geprofeteer wat in die Bybel, al bewaarheid is, kan die Christen GLO en WEET dat die koms van die Hemelse Bruidegom ook bewaarheid gaan word. Daarom word die Kind van God in hierdie tye van ellende om hom, NIE BENOU NIE, want sy vertroue lê in God en Sy Onwankelbare Woord en beloftes.

Dit is Satan se grootste begeerte om te veroorsaak dat die Christene God se geskrewe Woord in twyfel moet trek, en Jesus Christus, die Lewende Woord, veral Sy Godheid en karakter.

Onthou altyd dat God se Woord Ewig is. Jesus het gesê **die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe. Joh.6:63.** En as jy eers oortuig is, sonder enige twyfel dat die Bybel God se finale gesag oor enige gegewe onderwerp is, sal jy nie verward raak nie.



"...Onthou altyd dat God se Woord Ewig is. Jesus het gesê ***die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe. Joh.6:63...."***

Onthou dat Satan se doelwit is om jou geloof aan te val en jou op `n plek van onsekerheid en ongeloof te bring deur steeds te sê " Het God dit gesê?" soos met Adam en Eva.

Eers het ons die aanval op Jesus se maagdelike geboorte. Hierdie waarheid is bevraagteken deur stellings wat deur sekere Kerk leiers gemaak is, toe hulle bespreek het of dit werklik so was! Toe het die aanval gekom oor Sy opstanding uit die dood. Elke aanval van Satan is om te probeer om die karakter en persoon van Jesus in twyfel te trek, veral Sy Godheid.

Omdat daar soveel verwarring en ongeloof deur die duiwel gesaai word, en omdat die okkultisme die onrustigheid van die tyd waarin ons lewe ook uit buit met valse en okkultiese toekomsvoorspellings, is dit nodig dat die Kinders van die Here se geloof en kennis opgebou moet word in die Lewende God en Sy Woord, en die leuens van die duiwel `n nekslag toegedien kan word. God het ons vooraf gewaarsku in Hos.4:6. dat Sy mense vergaan deur `n gebrek aan kennis wat Hy vooraf gegee het.

Ons moet `n kwaliteit besluit neem dat, "God het dit gesê, ek glo dit en reageer daarop, en dit is klaar!" Ons moet `n kwaliteit besluit neem om God se Woord te glo en daarop te staan, maak nie saak wat gesê of rondom ons gedoen word nie.

Onthou, Jesus het ons belowe in **Matt.7:24-27: Elkeen dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met `n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het. En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm, en dit het nie geval nie, want sy fondament was op die rots. En elkeen wat na hierdie woorde van My luister en dit nie doen nie, sal vergelyk word met `n dwase man wat sy huis op die sand gebou het. En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm en dit het geval, en sy val was groot.** Hier verwys die Here na satan se aanvalle.

Wanneer jy God se Woord hoor en dit genoegsaam vertrou om daarop te reageer, sal jou geestelike huis nooit val nie, want Jesus verseker ons van hierdie waarheid. Jesus, toe Hy tot Sy

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Die vleeswording van...)
Vader gebid het in **Joh.17:17** het gesê: **Heilig hulle in U waarheid; U WOORD IS DIE WAARHEID.**

God verduidelik die vleeswording van die Woord (Jesus), in Johannes hoofstuk een. Ons lees in **Joh 1: 1-14: In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie. Daar was 'n man van God gestuur, wie se naam Johannes was. Hy het tot 'n getuienis gekom om van die lig te getuig, sodat almal deur hom sou glo. Hy was nie die lig nie, maar hy moes van die lig getuig. Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld. Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie. Hy het na Sy eiendom gekom, en Sy eie mense het Hom nie aangeneem nie. Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy Naam glo; wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon—en ons het Sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid.**

JESUS HET VLEES GEWORD

SAAD VAN 'N VROU

Profetiese Skrif: En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt (Gen. 3:15)

Vervulling: Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet (Gal. 4:4)

SAAD VAN ABRAHAM

Profetiese Skrif: En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word. (Gen. 12:3)

Vervulling: Die geslagsregister van Jesus Christus, die seun van Dawid, die seun van Abraham. (Matt. 1:1)

SAAD VAN ISAK

Profetiese Skrif: Toe antwoord God: Voorwaar, jou vrou Sara sal vir jou 'n seun baar, en jy moet hom Isak noem; en ek sal my verbond met hom oprig as 'n ewige verbond vir sy nageslag na hom (Gen. 17:19)

Vervulling: …. Die seun van Jakob, die seun van Isak, die seun van Abraham, die seun van Tera, die seun van Nahor. (Luk. 3:34)

SAAD VAN JAKOB

Profetiese Skrif: EK sien hom, maar nie nou nie, ek aanskou hom, maar nie naby nie: 'n ster kom te voorskyn uit Jakob, en 'n septer kom uit Israel op, en hy verbrysel die slape van die hoof van Moab en werp al die oorlogsugtiges omver. (Num. 24:17)

Vervulling: Abraham was die vader van Isak, en Isak die vader van Jakob, en Jakob die vader van juda en sy broers (Matt. 1:2)

UIT DIE STAM VAN JUDA

Profetiese Skrif: Die septer sal van Juda nie wyk nie, nog die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo kom, en aan Hom sal die volke gehoorsaam

"…Wanneer jy God se Woord hoor en dit genoegsaam vertrou om daarop te reageer, sal jou geestelike huis nooit val nie, want Jesus verseker ons van hierdie waarheid…."

wees (Gen. 49:10)

Vervulling: …. Die seun van Amminadab, die seun van Ram, die seun van Hesron, die seun van Peres, die seun van Juda (Luk. 3:33)

ERFGENAAM VAN DIE TROON VAN DAWID

Profetiese Skrif: …. Tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die Here van die leërskare sal dit doen. (Jes. 9:6)

Vervulling: Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee (Luk. 1:32)

GEBORE IN BETHLEHEM

Profetiese Skrif: Ek jy, Bethlehem Efrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid.

Daarom sal Hy hulle prysgee tot op die tyd dat 'n barende gebaar het. Dan sal die oorblyfsel van sy broers saam met die kinders van Israel terugkeer. (Miga 5:1-2)

Vervulling: En Josef het ook opgegaan van Galilea, uit die stad Nasaret, na Judea, na die stad van Dawid, wat Bethlehem genoem word, omdat hy uit die huis en geslag van Dawid was,

Om hom te laat inskrywe saam met Maria, die vrou aan wie hy hom verloof het, wat swanger was.

En sy het haar eersgebore Seun gebaar en Hom toegedraai in doeke en Hom in die krip neergelê, omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie. (Luk. 2:4,5 en 7)

DIE TYD VAN SY GEBOORTE

Profetiese Skrif: Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op 'n Gesalfde, 'n Vors, is sewe sewetalle; en twee-en-sestig sewetalle lank sal dit herstel en opgebou, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid. (Dan. 9:25)

Vervulling: En in daardie dae het daar 'n bevel uitgegaan van keiser Augustus dat die hele wêreld ingeskryf moes word.

Hierdie eerste inskrywing het plaasgevind toe Cirénius goewerneur van Sirië was. (Luk. 2:1-2)

GEBORE UIT 'N MAAGD.

Profetiese Skrif: Daarom sal die Here self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immanuel noem (Jes. 7:14)

Vervulling: En in die sesde maand is die engel Gabriël deur God gestuur na 'n stad in Galilea met die naam van Nasaret,

Na 'n maagd wat verloof was aan 'n man met die naam van Josef, uit die huis van Dawid; en die naam van die maagd was Maria.

En die engel sê vir haar: Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind. En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem. (Luk. 1:26-27, 30-31)

VERKLAAR DIE SEUN VAN GOD

Profetiese Skrif: Ek wil vertel van die besluit: Die Here het aan My gesê: U is my Seun, vandag het Ek self U gegenereer. (Psl. 2:7).

Vervulling: En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. (Matt. 3:17)

VERKOOP VIR 30 SIKKELS SILWER

Profetiese Skrif: Daarop sê ek vir hulle: As dit goed is in julle oë, gee dan my loon; en so nie, laat dit dan staan. Toe het hulle my loon afgeweeg: dertig sikkels silwer. (Sag. 11:12).

(Vervolg op Bl. 6)

WITH ALL YOUR HEART, SOUL AND STRENGTH

MATTHEW 12:33


Right throughout the course of history we see God using men as vessels of His power, but it is a tragedy that so often those who are called, choose to cling to their idols and religious traditions, quenching the Holy Spirit and making the power of God of none effect. Men often turn from the True Life which is found in the simplicity of the Gospel, and which is given to us by the Holy Spirit, to a form of godliness and ritual which is powerless. God's ways are completely different to man's ways. The Word tells us in Isaiah 55 verse 9 that God's ways are higher than man's ways and thoughts, and in 1 Corinthians 3 verse 19 Paul says that the wisdom of the world is foolishness with God. When the people of Israel were bitten by poisonous serpents according to Numbers chapter 21, God instructed Moses to make a copper snake and exhibit it on a pole. **Every one that is bitten, when he looketh upon it, shall live. (Numbers 21:8)** At that stage, the LIFE of God flowed through the image of the serpent and when the people looked at it, they were healed. But Israel forgot about the LIFE and kept on looking at the image, for we read in 2 Kings 18:4 that 900 years later Israel was still worshipping and burning incense to images of serpents, until King Hezekiah had them all cut down. Thus we see that the people of Israel had fallen into the trap of worshipping the instrument God had used, instead of worshipping God Himself.

We find this is true even today. We must guard against the worshipping of a certain ministry or denomination where you may have received a special blessing from the Lord – remember God is very jealous of the praise of His people and no man or ministry may take His glory!

Whenever we exalt revelations, methods, religious rituals or any other thing above the Lord, we are actually WORSHIPPING these things, and this is idolatry! We become dead to the voice of the Holy Spirit as we cling to lifeless forms of worship, and are therefore without the true LIFE of God in our lives. I believe that is why Jesus said: **Thus have ye made the commandment of God of none effect by your tradition. (Matt.15:6)** If we put Him first and worship and serve Him above everything else, our lives will be continually enriched by Him, and we will be vessels through which He can bless many others. You can never love the Lord too much! You can never spend too much time in His Presence!

Every born- again, Spirit-filled child of God has a ministry of serving, so that the Body of Christ can be built up and edified, as its members minister to one another. It is however, even more important that we wait upon and serve our Heavenly Father.

When we serve God, worshipping Him as the one true God, we surrender ourselves completely, in the fear of the Lord and complete adoration. We read in John 12 verse 3 how Mary, who loved the Lord Jesus dearly demonstrated her act of worship to Him. **Then took Mary a pound of ointment of spikenard, very costly, and anointed the feet of Jesus, and wiped His feet with her hair: and the house was filled with the odour of the ointment. (Joh. 12:3)**



"...Men often turn from the True Life which is found in the simplicity of the Gospel, and which is given to us by the Holy Spirit, to a form of godliness and ritual which is powerless. God's ways are completely different to man's ways..."

Just as Mary did, when we kneel at the feet of Jesus our Messiah in worship of Him, we must bring our very best, our most precious possession to lay at His feet– we must bring **ourselves.** When we do this, He meets with us and the perfume of His Presence fills our lives.

In John 4:7-24 there is a very enlightening portion of Scripture describing the way in which God wants to be worshipped. We find Jesus meeting the Samaritan woman at the well of Jacob, and He asks her to give Him a drink. She answers Jesus by saying that because she is a Samaritan woman, how is it that He, a Jew, is asking her for a drink. Jesus replies that if she knew Who it was Who was asking her for a drink, she would have asked Him, and He would have given her Living Water, whereby she would never thirst again.

She replies in verse 15: **Sir, give me this water, that I thirst not, neither come hither to draw.**

Sir, I perceive that Thou art a

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 - With all your heart, soul and strength..)

prophet. Our fathers worshipped in this mountain, and Ye say, that in Jerusalem is the place where men ought to worship.

Jesus saith unto her, Woman, believe Me, the hour cometh, when ye shall neither in this mountain, nor yet at Jerusalem, worship the Father.

Ye worship ye know not what, we know what we worship: for salvation is of the Jews.

But the hour cometh, and now is, when the true worshippers shall worship the Father in spirit and in truth, for the Father seeketh such to worship Him.

God is Spirit; and they that worship Him, must worship Him in spirit and in truth.

Jesus emphasises that true worship comes *from the heart*, and has nothing to do with a geographical place or church building. He also points out that there are many people who worship idols and images, which they have made, yet do not understand what they are worshipping. Jesus says the *new worshippers* will be different. They will know the true God and worship Him in s*pirit and truth.* Remember, Isaiah 43:19 and 21 says: **Behold, I will do a new thing: now it shall spring forth ….. this people have I formed for Myself: they shall shew forth My praise.**

When Jesus walked on the earth, He declared that He was God's will in action by saying: **He that hath seen Me hath seen the Father … (Joh. 14:9) I do nothing of Myself; but as My Father hath taught Me, I speak these things (Joh. 8:28)**

We worship the Father in **spirit,** because the Holy Spirit has been given to us (Acts 2), and because we know our Heavenly Father through Jesus His Son, we can worship God in **Truth.** Jesus declared: **I am the Way the Truth and the Life. (John 14:6).**

The Lord has given us the blue -print of His Word to guide us in every area of our lives and that includes the manner in which He wants to be obeyed, honoured and worshipped. When the Lord commands us to do something in a certain way, it is always because He cares for us and wants to bless us.

There are times when the natural result of our worship brings an inner revelation of Who He is, but it is more likely that a revelation of Who He is, will lead us to have a grateful heart and to worship Him even more. God revealed Himself to Moses in a cloud, and then Moses worshipped Him.

"When Moses climbed to the top of Mt. Sinai, the Lord came down in a cloud and stood by Moses and proclaimed the Name of the Lord. And Moses bowed his head toward the earth, and worshipped." (Ex. 34:5 and 8)

Jesus healed the man who was blind from birth, and, after he had been questioned by the Pharisees and banned from the synagogue, Jesus found him and told him that HE was the Son of God, and the man reacted by worshipping Him. **And he said, Lord I believe. And he worshipped Him. (Joh. 9:38)** God revealed Himself through the healing, and then the man worshipped Him.

When we perceive God, whether it is through His Word or by the manifestation of His power, our automatic response is to worship Him. When He reveals Himself to us, causing us to worship Him, He often gives us a revelation of His Truth simultaneously.

As an example we use the case of Anna in Luke chapter 2. While Anna was worshipping God and waiting upon Him in the temple, He revealed His secrets to her. He revealed a lot about Jesus to her, because when she saw the baby Jesus in the temple, **she gave thanks likewise unto the Lord, and spoke of Him to all them that looked for redemption in Jerusalem. Luke 2:38.**

"...The Lord has given us the blue -print of His Word to guide us in every area of our lives and that includes the manner in which He wants to be obeyed, honoured and worshipped. When the Lord commands us to do something in a certain way, it is always because He cares for us and wants to bless us…"

Other people who had similar experiences in the Bible were Jeremiah, Moses and Job. Just like them, we also need revelation from our Living God. But this revelation is always in line with Scripture, the Word of God, because we cannot add anything to the Word, nor can we remove anything from it. We should be caught up in the wonder of His Person as we worship Him. We need to acknowledge His power and have a vision of His holiness and glory if we want to be used by Him. The Bible tells us that **the fear of the Lord is the beginning of wisdom... (Psalm 111 verse 10).** Worship is often the starting point, because it goes hand in glove with the fear of the Lord.

When we worship God we draw upon His Life and Power. When we read Psalm 149, we see that there is power in worship and praise that pushes back the powers of darkness, breaks the chains that bind us and liberates us so that our thoughts can be taken captive unto Jesus Christ.

In James 4:7 we read: **Therefore submit to God. Resist the devil and he will flee from you.**

After submitting myself to God in obedience and

(Continued on page 8)

ons God van wonderwerke!

Baie dankie vir die brief wat ek van Dr James en Meg met liefde ontvang het. Baie dankie ook vir Dr James en Meg en almal se gebede daar by die Christelike Sentrum vir my vir genesing van die ontsettende pyn in my skouers, ek is genees. Ek sê ook vir ons Groot Geneesheer baie dankie Liewe Jesus, U is 'n hoorder van gebede. Dokters was geskok en het niks vir my gedoen nie. Dankie vir die gebede, die pyn in my skouers was ontsettend, die pyn laat ek snags opstaan, rondloop in my kamer en huil van pyn. Deur hoorder van gebede kan ek net met groot "Dankie sê, Jesus het my genees van die ontsettende pyn in my skouers. Is ons Liewe Heer nie wonderlik nie, by Jesus is niks onmoontlik nie, maar dan moet ons net glo. Baie, baie dankie Dr James vir julle gebede. Groete aan julle almal.

Mev T Smith, Boksburg

Baie dankie vir u wonderlike werk wat u doen, wees gegroet in die naam van ons Hemelse Vader. Ek het weereens koue rillings gekry toe ek jul brief aan my gelees het, dit is alles baie wonderbaar. Dr James en Meg, my broer Richard het begin werk, en hy kan nou loop! Prys die Naam van die Here, baie dankie vir u gebede en dankie dat u deur altyd oop is vir almal. Ek wens vir julle almal alle sterkte wat van ons Vader is en sal wees. Baie, baie dankie. Groete

Mev J Echas, Windhoek

Ons groet julle in die wonderlike naam van Jesus, en ons het baie goeie nuus om julle te vertel. 'n Week gelede het ons 'n faks gestuur en gevra dat u sal bid vir Jaco se oë. Die gloukoom het drukking veroorsaak en hulle wou opereer om die drukking te verminder. Die een oog se drukking was 40 en die ander 21. Vandag was hy weer vir 'n ondersoek en al twee oë se drukking was 14. Die dokter sê dit is nie meer nodig vir 'n operasie nie, en hulle is baie tevrede. Ons gee al die eer aan ons Hemelse Vader want by Hom is alles moontlik. Ons dank aan julle vir die voorbidding. Baie liefde groete.

Mienie en Jaco, Tiegerspoort

Ek wil net graag baie dankie sê aan ons Hemelse Vader vir die verhoorder gebede. Al die gebede is verhoor: Lihandri Putter wat 'n kol op die long gehad het, is binne 'n uur nadat ons Dr James geskakel het, genees. Ignus en Susan Marais het gevra dat Dr James moet bid dat hulle 'n kontrak sal kry vir die hoenderboerdery. Prys die Heer, die volgende dag het hulle 'n groot kontrak gekry. Juanita Kidson is los van die Britse Israel godsdiens. Prys die Here! Dokters het gedink dat Jan Marais na sy motorongeluk nie weer sou kon loop nie. Van die rugwerwels was vergruis. Die Here het 'n wonderwerk gedoen. Die rugoperasie was 'n sukses. Jan loop en makeer niks. Prys die Heer! Klein Henry Grobler wat probleme met swak spiere gehad, is heeltemal genees. Baie dankie Dr James dat julle as instrumente vir Sy groot werk op aarde gebruik word. Die Here seën julle.

Mev I Wesson, Fort Beaufort

Ek wil die Here net al die eer gee. EK het gevra dat u vir my moet bid vir ander werk. Ek is so oorstelp van vreugde, want die Here het vir my 'n groot deur oopgemaak. Ek het die werk gekry met 'n beter salaris. Ek dank die Heer vir alles wat Hy vir my gedoen het. Daar is niemand soos Hy nie. Hy is dieselfde vandag, gister tot in alle ewigheid. Baie dankie vir u gebed.

Pamela, Namibia

Ek wil met eer, met lof en met dankbaarheid getuig. My God is so groot, so sterk en so magtig, daar is niks wat Hy nie kan doen nie. Waar ek 'n rug probleem gehad het, en so seer gehad het. Die dokters het gesê, dis in my lae rug kussinkies. Ek het die sentrum die 16de Junie gebel, en gevra om saam met my te bid vir genesing vir my rug. Prys die Here. Hy leef, Hy leef, Hy het opgestaan. Ek is genees van my rug probleem. Waar ek ook gegaan het vir 'n mammogram. Daar is ook niks fout nie. My hart loop oor van dankbaarheid aan ons Koning Jesus. Dankie ook vir julle gebede. Hy het ons meer as oorwinnaars gemaak. Baie dankie ook vir die Geloof in die Woord wat ek so getrou ontvang. Alles wat mooi is, word julle toegebid.

Mev M Werner, Pullenshope

Eerstens wil ek ons Hemelse Vader dank vir julle 2 wonderlike mense wat op my pad gekom het. Ek glo nie dat dit nodig is om iemand persoonlik te ken, om vir hom/haar te bid nie, want ons is toe almal broers en sisters, want ons het mos almal ook een vader! Prys die Here, is dit nie wonderlik om te weet, eendag sal ons mekaar tog ontmoet. Dr en Meg, weereens baie dankie vir julle belangstelling in my gebedversoek. Ek rig hierdie skrywe aan julle met 'n dankbare hart teenoor ons Vader vir resultate uit ons gebede. Julle het vir my gebid vir verlossing van depressie, dankie Vader ek het dit oorwin, en ek twyfel nie vir die baba wat nog moet kom nie, Prys die Naam van Jesus!! Dit gaan goed met my. Nadat ek julle brief ontvang het, en na julle nuusbrief gelees het, en daaraan gewerk het, het alles weer vir my nuut geword. Ek het gesukkel om op te kom om in die oggende om 5h00 te begin om te bid en om Bybelstudie te doen, maar God het vanmore vir my bewys, dat Sy krag bo alle ander uitsteek. Ek kon opstaan sonder om moeg te voel, en ja dit was heerlik, om te kan doen wat jy so lank aan getwyfel het om te doen! Dankie vir al julle gebede en prys die Here vir al Sy goedheid, liefde en genade!! Die Here seën julle.

Mev J van Wyk, Namibia

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Die vleeswording van...)

Vervulling: …. En sê: Wat wil u my gee, en ek sal Hom aan u oorlewer? En hulle het vir hom dertig silwerstukke afgeweeg. (Matt. 26:15)

STIL VOOR BESKULDIGINGS

Profetiese Skrif: Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders – ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie. (Jes. 53:7).

Vervulling: En Pilatus het Hom weer gevra en gesê: Antwoord U niks nie? Kyk hoe baie getuienisse hulle teen u inbring.

Maar Jesus het niks meer geantwoord nie, sodat Pilatus hom verwonder het. (Mark. 15:4-5)

OP GESPOEG EN GESLAAN

Profetiese Skrif: Ek het my rug gegee vir die wat slaan, en my wange vir die wat die hare uitpluk; my aangesig het EK nie verberg vir smaadhede en bespuwing nie. (Jes. 50:6)

Vervulling: Toe het hulle in sy aangesig gespuug en Hom met die vuis geslaan. (Matt. 26:67)

VERAG EN BESPOT

Profetiese Skrif: Almal wat my sien, spot met my; hulle steek die lip uit, hulle skud die hoof en sê:

Laat dit aan die Here oor! Laat Hy hom red, laat Hy hom bevry. Hy het mos behae in hom. (Psl. 22:8 en 9)

Vervulling: En die volk het dit staan en aanskou. En die owerstes het saam met hulle ook geskimp en gesê: Ander het Hy verlos; laat Hy Homself verlos as Hy die Christus, die uitverkorene van God, is. (Luk. 23:35)

PLAASVERVANGENDE OFFER

Profetiese Skrif: Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom. (Jes. 53:5)

Vervulling: Want toe ons nog swak was, het Christus op die regte tyd vir die goddelose gesterwe.

….. maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. (Rom. 5:6 en 8)

OPGERIG UIT DIE DODE

Profetiese Skrif: ….. want U sal my siel aan die doderyk nie oorgee nie; U sal nie toelaat dat u gunsgenoot verderwing sien nie. (Psl. 16:10)

Maar God sal my siel loskoop van die mag van die doderyk, want Hy sal my opneem. (Psl. 49:16)

Vervulling: En hy sê vir hulle: Moenie verskrik wees nie. Julle soek Jesus die Nasaréner wat gekruisig is. Hy het opgestaan. Hy is nie hier nie. Daar is die plek waar hulle Hom neergelê het.

Maar gaan sê vir sy dissipels en vir Petrus dat Hy voor julle uit gaan na Galilea. Daar sal julle Hom sien soos Hy vir julle gesê het. (Mark 16:6-7)

SY HEMELVAART NA GOD SE REGTERHAND

Profetiese Skrif: U het opgeklim na die hoogte, U het gevangenes weggevoer, U het geskenke geneem onder die mense; ja, ook wederstrewiges om daar te woon, o Here God! (Psl. 68:19)

Vervulling: Nadat die Here dan met hulle gespreek het, is Hy opgeneem in die hemel en het gaan sit aan die regterhand van God. (Mark 16:19)…. En dat Hy begrawe is, en dat Hy op die derde dag opgewek is volgens die Skrifte. (1 Kor. 15:4)

Daarom sê Hy: Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy die gevangenes gevange geneem en gawes aan die mense gegee. (Ef. 4:8)

En nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien; en 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem. Die Christen-godsdiens is die enigste ter wêreld waar God d.m.v. Sy profete profesieë laat uitspreek het honderde jare vroeë, en waar hierdie profesieë vandag nog bewaarheid word, en sekerlik ALMAL nog bewaarheid sal word.

"....Dit bewys onteenseglik dat die Christen Bybel die enigste ware Woord van God is, die Christen geloof die enigste Ware Godsdiens is en Jesus Christus, die Woord van God wat Vlees geword het, die Enigste Verlosser van die wêreld is..."

Dit bewys onteenseglik dat die Christen Bybel die enigste ware Woord van God is, en dat alle ander godsdienste deur mense geskep is. Dit bewys dat die Christen geloof die enigste Ware Godsdiens is en Jesus Christus, die Woord van God wat Vlees geword het, die Enigste Verlosser van die wêreld is. ✞

uit Dr James se kantoor



Familie in Jesus,

Ek staan verstom hoe vinnig die tyd vlieg! Desember is alreeds hier en hiervandaan neem die snelheid van die tyd toe soos ons die einde van 2006 nader. Ek kom meer en meer tot die besef met elke jaar wat verby gaan, hoe kosbaar tyd is. Miskien is dit as gevolg van my ouderdom (Ek sal hierdie maand 77 jaar oud wees – as dit God se wil is), dat ek die geweldige dringendheid voel om die kosbare tyd uit te koop! God verwys na die kosbaarheid van tyd en die uitkoop van tyd in Sy Woord, en dit is belangrik om daarop te let dat drie van hierdie skrifte betrekking het op ons persoonlike gedrag en ons besorgdheid vir ander.

In Romeine hoofstuk 13, word ons vermaan om "uit die slaap wakker te word", want die nag het vêr gevorder, met betrekking tot die liefde vir ons naaste.

Rom. 13:10-13: Die Liefde doen die naaste geen kwaad nie; daarom is die liefde die vervulling van die wet. En dit te meer, <u>omdat ons die tydsomstandighede ken</u>, dat die uur vir ons reeds daar is om <u>uit die slaap wakker te word</u>; want die saligheid is nou nader by ons as toe ons gelowig geword het. <u>Die nag het ver gevorder en dit is amper dag</u>. Laat ons dan die werke van die duisternis aflê en die wapens van die lig aangord. Laat ons welvoeglik wandel soos in die dag, nie in brassery en dronkenskap, nie in ontug en ongebondenheid, nie in twis en nydigheid nie.

In Efesiërs hoofstuk 5, word ons aangespoor om die tyd uit te koop deur versigtig te wandel, en aandag te gee aan die manier waarop ons ons lewens leef.

Ef. 5:14-17: Daarom sê Hy: <u>Ontwaak, jy wat slaap</u>, en staan op uit die dode, en Christus sal oor jou skyn. Pas dan op dat julle nougeset wandel, nie as onwyse nie, maar as wyse; en <u>koop die tyd uit</u>, omdat die dae boos is. Daarom moet julle nie onverstandig wees nie, maar verstaan wat die wil van die Here is.

In Kolossense hoofstuk 4, word ons uitgedaag om die tyd uit te koop deur die Evangelie van Christus te versprei, en dit bekend te maak aan die ongereddes.

Kol. 4:2-6: Volhard in die gebed en waak daarin met danksegging; en bid tegelykertyd ook vir ons, dat God vir ons die deur van die woord mag open om te spreek van die verborgenheid van Christus, waarvoor ek ook in boeie is, dat ek dit openbaar kan maak soos ek dit behoort te spreek. Wandel in wysheid teenoor die wat buite is, en <u>koop die tyd uit</u>. Laat julle woord altyd aangenaam wees, met sout besprinkel, sodat julle kan weet hoe julle iedereen moet antwoord.

Ek bemoedig elkeen van ons dus, ongeag ons ouderdom, om te fokus op hoe kort ons tyd hier op aarde is, en hoe ons dit moet bestee volgens die wysheid van God se Woord! Laat ons voor die begin van 2007 voorraad van onsself opneem.

Die eksamens is verby en ons vertrou dat die uitslae bo alle verwagtinge sal wees want ons het ernstig vir al die skoliere en studente gebid.

Ons loof die Here vir die wonderlike tyd van rus en vakansie wat vir almal voorlê en ons bid vir die Here se beskerming en dat elkeen tydens hierdie vakansie tyd geseënd sal wees.

Ons wil vir julle baie dankie sê vir jul liefde, gebede en ondersteuning gedurende 2006, want julle is deel van die span, en ons kon letterlik tonne Christelike lektuur in hierdie land stuur, en buite die grense, en ons het wonderlike getuienisse ontvang van hoe hierdie Woord lewens van kosbare mense verander het, baie wat die Here Jesus as hul Persoonlike Verlosser ontvang het deur dit, en ander wat wonderbaarlik genees is. Alle lof en eer aan ons Hemelse Vader en Jesus Christus ons verlosser. Ons weet dat die Here julle oorvloedig sal seën vir die saad wat julle vir Sy werk by die Stanger Christelike Sentrum gesaai het, en ons gebed is dat Hy al die begeertes van jul harte in die komende jaar 2007 sal gee!

Met baie liefde en dankbaarheid

Dr James

SPESIALE WOORD VAN DANK

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

The greatest possession you have is in the 24 hours directly in front of you.

...For there is a time there for every purpose and for every work.

Ecclesiastes 3:17b

(Continued from page 4—With all your heart, soul and strength)

worship, and giving no place to the enemy, he must flee. The devil hates to hear a child of God exalting the Lord! Remember the way in which king Jehoshaphat and the army of Israel advanced on the enemy? I believe that as the people came against the foe, with their spirits lifted to God in adoration and worship, they were truly in one accord, praising in spirit and in truth! They worshipped Him, and the Holy Spirit created *a new song* within them. As they ministered to the Lord, exalting Him for His greatness, and the enemy was defeated!

Think of Paul and Silas when they were flogged and put in prison because they preached the Gospel and exorcised a demon from a young girl. They praised the Lord in jail, and He opened the prison doors, and they were free. **And suddenly there was a great earthquake, so that the foundations of the prison were shaken: and immediately all the doors were opened, and everyone's bands were loosed. (Acts 16:26)** In a similar manner, the prison doors in our life can be opened by the power of God!

We are vessels for the life and power of God to flow through in this dark world in which we live. Jesus is the LIFE, and as we come to Him and drink, His Life flows into us. He gives us power to overcome every circumstance and difficulty we face. When we are obedient to Him, His Life flows through us and draws others to Himself. He has made us His ambassadors in this wicked world, and this is an awesome responsibility! **We are a "chosen generation, a royal priesthood, a holy nation, His own special people, that (we) may proclaim the praises of Him who called (us) out of darkness into His marvellous light. 1 Peter 2:9.** What a challenge for us!

We have been chosen to reach out to a lost and suffering humanity, with the message of hope in the Gospel, which is that Jesus came to this world and died to give us eternal life, and life more abundantly. (John 3:16 and John 10:10) It is up to us to allow the very Life of God, by His Holy Spirit in us, to *flow through* us to reach the unsaved.

We read in Mark 16 verses 15 to 20, the Great Commission that Jesus gave to His disciples, just before He ascended into Heaven to sit at the right Hand of His Father. These instructions are still relevant for His disciples today, and we need to seriously heed them, especially in these last days.

Mark 16:15-20: And He said unto them, Go ye into all the world, and preach the gospel to every creature. He that believeth and is baptized shall be saved; but he that believeth not shall be damned. And these signs shall follow them that believe; In My name shall they cast out devils; they shall speak with new tongues; They shall take up serpents; and if they drink any deadly thing, it shall not hurt them; (the works of Satan) **they shall lay hands on the sick, and they shall recover. So then after the Lord had spoken unto them, He was received up into heaven, and sat on the right hand of God. And they went forth, and preached every where, the Lord working with *them*, and confirming the word with signs following. Amen.**

As a demonstration of our worship to our Heavenly Father, we need to be obedient to the commands of His Son Jesus, because obedience is an indication of our worship. Jesus admonished people during His ministry here on earth, by saying that they called Him Lord, Lord, but did not do what He asked them to do. He went on to say, that if we love Him, if we truly worship Him, we will keep His commandments. (John 14:23) He also said: **If any man thirst, let him come unto Me, and drink! He that believeth on Me, as the Scripture hath said, out of his belly shall flow rivers of living water.**

But this spoke He of the Spirit, which they that believed on Him should receive. (Joh. 7:37 to 39)

We often point a finger at the Pharisees because they were so unfulfilled in their *religiosity*. They worshipped everything ABOUT God, instead of worshipping HIM! When Jesus came they chose to keep to their ritualistic, legalistic, religious ways and did not recognise their Messiah. Let us not be guilty of the same thing!

Worshipping God keeps us spiritually balanced. It helps us to see our lives in the right perspective, and have the right set of values and priorities.

It is important however, that we focus our attention more on our loving Heavenly Father and our Saviour the Lord Jesus Christ than upon their *blessings!*

THOU ART WORTHY, O LORD, TO RECEIVE GLORY AND HONOUR AND POWER: FOR THOU HAST CREATED ALL THINGS, AND FOR THY PLEASURE THEY ARE CREATED. (Rev. 4:11). SCC

"...Worshipping God keeps us spiritually balanced.

It helps us to see our lives in the right perspective, and have the right set of values and priorities.

It is important however, that we focus our attention more on our loving Heavenly Father and our Saviour the Lord Jesus Christ than upon their *blessings!"*